**Sondag 1 Oktober**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:24-28**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:28**
**Leef gehoorsaam jou roeping as beeld van God uit**

Op die sesde skeppingsdag het God die mens gemaak. Die mens is anders as al die ander dinge wat God geskep het. Vir die eerste keer lees ons dat die Drie-Eenheid sê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ..." (vgl. Joh. 14: 23). Alle mense het dus die besondere roeping om beeld van God te wees – om sekere eienskappe van sy/haar Skepper uit te leef.

En dan lees ons in vers 26 dat die mens nóg 'n roeping in die Tuin ontvang het, naamlik om te heers oor al die lewende wesens wat God geskep het (Ps. 8:79). Van alle skepsels is dit alleen die méns wat die voorreg (én die verantwoordelikheid) ontvang om oor die skepping te regeer. Waarom? Juis omdat God die mens na sy gelykenis gemaak het. In vers 28 lees ons hoe God die mens seën sodat hulle sekere eienskappe van God kan weerspieël. As beeld van God is die mens dus veronderstel om eienskappe van volmaakte bewaring en ontplooiing uit te leef.

Weens die sondeval het die beeld van God skade gelei. Dit wil voorkom asof baie mense eerder die leuen glo dat 'n mens eerder moet vernietig as wat 'n mens moet bewaar. Nie Adam óf sy nageslag is ten volle gehoorsaam aan hulle oorspronklike roeping nie. En daarom stuur God die Vader die Tweede Adam om waarlik die beeld van God hier op aarde uit te leef.

Te danke aan sy kruisdood en opstanding verenig Jesus Christus God se uitverkore kinders met Hom sodat ons aan al sy weldade kan deel kry. Omdat Christus as Ewige Koning oor die heelal heers, is dit vir gelowiges moontlik om – deur sy genade – hulle roeping gehoorsaam uit te leef.

*Sing: Psalm 8-1:4-6*

*Ds. LD Myburgh (Daniël) (Venterstad)*